

14 April

Die sesde bede: beroep op God se almag

Skrifgedeelte: Jakobus 1:12-18; HK Sondag 52 (127)

Baie mense het die bidgewoonte om net voor hulle “amen” sê, te vra: “Vergewe ons ons sonde.” Ons Here Jesus het egter nie daar gestop nie. Die sonde is immers nie net skuld wat vergewe moet word nie. Dit is ook ’n mag wat beveg en bestry moet word. Anders word jy daardeur afgebreek en vernietig.

So leer Jesus ons dan om by te vra dat ons Vader wat in die hemel is ons uit hierdie sonde-mag sal verlos.

Dit begin deur Hom te vra om ons nie in versoeking te lei nie. God versoek niemand nie, maar selfs die versoeking van ons doodsvyande is nog steeds onder God se bestuur. God is almagtig. Die mag van Satan en wêreld en sodanige natuur lê binne die grense van God se mag. Daarom gaan ons gebed op na Hom wat alles in sy hande vashou en wat alles weet, ook hoe swak ons is, watter krag versoeking het. Hy ruk ons uit die kloue van die Bose.

So beroep ons, wat nie een oomblik staande kan bly teen die voortdurende aanslag van ons doodsvyande nie, ons op God se almag. Dat Hy deur die krag van die Heilige Gees ons staande sal hou en versterk, sodat ons hierdie doodsvyande sal teëstaan en nie in die stryd sal beswyk nie. Totdat ons eindelijk die oorwinning ten volle behaal. Dit is die Heilige Gees wat ons aan Jesus Christus vasbind en dit is Jesus Christus wat die duiwel laat wegvlug en ons oorwinning in die stryd waarborg.

Sing: Skrifberyming 50:5

Ds. JH Cilliers (Reitz)